



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 27 Mei 2021

Gedagte van die week:

Die hart het motiewe waarvan die rede nie weet nie. (Thomas Merton)

'n Mens het altyd twee motiewe waarom jy 'n ding doen – 'n goeie rede en die ware rede. (JP Morgan)

Vertrekpunt:

Matteus 6:1-4 (lees dit binne die groter geheel van 6:1-18)

Meditasie uit die teks:

Godsdien is iets wat 'n mens doen, en soos met alles wat 'n mens doen, is daar ook 'n rede waarom 'n mens godsdien doen. Jesus het die Fariseërs gekonfronteer oor hulle godsdien-"hoekoms", en het sy dissipels begelei na goeie godsdien-"hoekoms". Ek lees dat Jesus óór gebed lering gegee het, en dat Hy sêlf gebed het, maar nie dat Hy vóór mense gebed het nie. Ek lees dat Jesus gereeld wanneer Hy iets goeds aan mense gedoen het, hulle tot stilte gemaak het. Ek lees nêrens dat Jesus 'n vertoning gehou het of applous gesoek het nie. Ek lees in Jesus se bediening 'n wegbeweeg van die skare en die kalklig. Ek wonder oor openbare/publieke gebed en gebedsgroepies, ek wonder oor getuïenisse, ek wonder oor fotos in die koerante van mense wat kos uitdeel en klere gee, ek wonder oor gepynigde gesigte en wuiwende hande, oor flitsende ligte op die verhoog waar gesing en gepreek word ... ek wonder oor wat Jesus hieroor te sê sou gehad het, sou Hy sy kop heen-en-weer, of op-en-af geskud het. Ek het my vermoedens. Wat ons vandag met godsdien en godsdiensoefeninge doen lyk vir my 'n teenstrydig met wat Jesus daarvoor te sê gehad het. Ek is dankbaar dat die gemeente waarvan ek deel is nie 'n skouperd-gemeente is nie. Ek is dankbaar dat die gemeente waarvan ek deel is weet dat ons nie vertoonwerk by die kerk doen nie, nee, ons is stilweg en ongesiens kerk by die werk! Suurdeegkerk. 'n Konsertkerk wat raas en tel en meet en fotos neem en publiseer en vertel en uitbasuin ... nee dankie, daar gaan ons verby. Ek kies saam met Jesus vir 'n kerk wat my karakter bou sodat die lig van my menswees geluidloos deur my lewe skyn en ek as onsigbare soute die "vreemde" smaak gee waar ek is. Altyd.

Youtubeskakel:

Ons gaan Sondag 30 Mei 2021 om 09:30 'n reisgesprek in die kerkgebou hou. Jy kan na 'n weergawe van hierdie reisgesprek op Youtube luister by <https://youtu.be/2pSRP02fg2E>

Meditasie uit die lewe

Ek is deesdae baie bewus van hoe die lewensstories in my spreekkamer my lees van Die Bybel beïnvloed. Mense se stories laat my besef dat die lewe nie vir almal ewe eenvoudig is nie. Nie almal kom uit geestesgesonde gesinne nie. Baie mense kom uit gesinne met donker geheime. Nie almal kom uit huise met ryk pappas en sorgsame mammas nie. Baie mense erf niks. Baie mense kan nie spontaan en eenvoudig treur by die dood van 'n geliefde nie, want daar is 'n moeilike storie agter die lewe wat verby is, en hulle is bang vir mense se vraende soeke na die trane wat nie val nie. Die meeste bevoorregte mense lees Die Bybel in hulle veilige kokonnetjies van "alles loop reg, altyd reg ...!" Die lees van Die Bybel vanuit bevoorregte en sagte omgewings kan aanleiding gee tot 'n genadelose en liefdelose letterlike lees van Die Bybel, sonder om die oorspronklike konteks waarin dit geskryf is, en die huidige konteks waarin dit nou gelees word, in ag te neem. Bybelstudie nêr uit Die Bybel, is gevaarlik. Dit kan lei tot die sieklike en selfversekerde "die Bybel sê só, einde van die storie". Bybelstudie saam met Luister-na-die-Lewe, is heeltemal iets anders. Ek dink aan Vader Brummelkamp, 'n Nederlandse prediker, wat volgens sy eie getuïenis elke Sondag met sy gemeente wou raas oor geestelike koudheid en louheid, maar dan, wanneer hy op die preekstoel staan, dan sien hy vir Marie met haar storie, vir Jannie met sy storie, vir Anna met haar storie, vir Kosie met sy storie en dan hoor hy "troos, troos my volk!" Jesus sien en lees die Samaritaanse vrou se storie, Hy sien en lees die owerspelige vrou se storie, Hy sien en lees Saggeus se storie, Hy sien en lees die vroue van sy tyd se storie en **dan lees Hy Moses se wet heeltemal anders as die Fariseërs**. Die Fariseërs het Hom 'n valse leraar en profeet genoem en Hom aan 'n kruis opgehang, want hulle het gehou van mense wat sê, "die wet sê só, einde van die storie". Snaaks hoedat mense vandag nog hou van hierdie genadelose Bybellees ... ten minste totdat hulle eie storie begin verkeerd loop. Ek dink die laaste tyd baie hieroor en dit maak my nogal hartseer. Baie hartseer!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com